Die Lisensiehouer nie sonder die toestemming verleen by artikel 41 van die Wet elektrisiteit aan enigiemand uitgesonderd die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie, vir kragdoeleindes, binne die regsgebied van 'n stedelike plaaslike owerheid soos dit was toe die Lisensie of die wysiging daarvan toegestaan is, na gelang van die datum wat van toepassing is, mag lewer nie; met dien verstande dat indien die regsgebied van 'n stedelike plaaslike owerheid daarna tot in die leweringsgebied van die Lisensiehouer uitgebrei is of word of indien 'n nuwe stedelike plaaslike owerheid binne die leweringsgebied van die Lisensiehouer gestig word, die Raad, op 'n aansoek van die betrokke stedelike plaaslike owerheid en na aanhoor van die vertoë van die Lisensiehouer, kan bepaal dat voornoemde bepaling vanaf 'n datum wat die Raad moet vasstel en behoudens die beperkings en voorwaardes wat die Raad in die omstandighede stel, van toepassing is op die hele uitgebreide gebied of 'n gedeelte daarvan of op die hele regsgebied van die nuwe stedelike plaaslike owerheid, of 'n gedeelte daarvan.

Voorts met dien verstande dat die Lisensiehouer geen persoon wat ingevolge toestemming van die Raad kragtens artikel 40 van die Wet, deur 'n stedelike plaaslike owerheid voorsien mag word, sonder die toestemming van die stedelike plaaslike owerheid voorsien nie.".

3. Skrap die Eerste Bylae by die Lisensie en vervang dit deur die Eerste Bylae, gemerk Aanhangsel A, wat later in hierdie kennisgewing verskyn.

Die Kommissie verklaar dat wysiging van die Eerste Bylae nodig is om—

(a) die hoë algemene tarieftoeslag wat tans van krag is, uit te skakel en om veranderings aan die tariefstruktuur aan te bring;

(b) 'n nuwe tarief (Tarief D) vir klein gebruikertoevoere in platteland se gebiede in te stel;

(c) die basis vir wysiging van die energiekomponent van die tariewe in ooreenstemming met veranderings in die steenkoolkoste, te standaardiseer.

Die gewysigde tariewe sal met 'n korting van 25% ingestel word met dien verstande dat daar geen verandering in die bestaande toeslag van 12,5% is nie. Indien hierdie algemene toeslag ooreenkomstig artikel 14 (2) van die Elektrisiteitswet voor die instellingsdatum van die gewysigde tariewe verhoog of verlaag sou word, sou daar 'n ooreenstemmende verandering van die aanvanklike korting van 25% wees.

Op die oomblik word die maandelikse uitbreidingsgelde van Tarief A-verbruikers met R1 per kVA van die maandelikse maksimumaanvraag verminder (slegs tot by uitwissing). Met die instelling van die gewysigde Eerste Bylae sal hierdie korting van toepassing op Tarief A-uitbreidingsgelde tot R2 per kVA van die maandelikse maksimumaanvraag verhoog word.

Die georganiseerde landbou se versoek om 'n tarief spesifiek vir landelike verbruikers wat nie grootmaatverbruikers is nie, het gelei tot die instelling van die nuwe tarief, "Tarief D". Hierdie Tarief D is van toepassing op almal wat omskryf is as landelike kleinverbruikers. Tarief B sal voortaan nie op bestaande landelike verbruikers van toepassing wees nie. Die maandelikse uitbreidingsgelde tans betaalbaar deur sodanige verbruikers, sal na die instelling van Tarief D met sowat 40% verminder word. Die instelling van die nuwe Tarief D sal tot gevolg hê dat bestaande landelike verbruikers se onmiddellike of uiteindelike betaling in 'n geringe mate kan styg.

Die Kommissie is voornemens om die nuwe tariewe wat in die Eerste Bylae, Bylae A, opgeneem is en later in hierdie kennisgewing uiteengesit word toe te pas vanaf die statistiese maand van Januarie 1982.

Afskrifte van die konsepwysigings lê ter insae in die Kommissie se Hoofkantoor, Megawatt Park, Maxwellrylaan, Sunninghill-uitbreiding 3, Sandton, en in die kantore van die Kommissie se Oos-Kaaplandse Streek, Evkomgebou, Buffalostraat 88, Oos-Londen.

Die aansoek en enige beswaar daarteen sal in die openbaar deur die Elektrisiteitsbeheerraad, in sy kantoor in Pretoria, naamlik Kamer 321, Noord-Vaalgebou, Vermeulenstraat, aangehoor word op 'n datum wat nog bepaal moet word.

Alle persone word hiermee in kennis gestel dat kennisgewing van enige beswaar nie later nie as die 5de dag van Oktober 1981, aan die Raad gestuur moet word en vergesel moet wees van die gelde voorgeskryf in die regulasies wat van krag is ingevolge artikel 52 van die Elektrisiteitswet 1958, en dat 'n afskrif van die beswaar terselfdertyd by die aansoeker ingedien moet word.

Enige persoon wat beswaar wil opper, moet binne die tydperk waarin van besware kennis gegee moet word, aan die Raad en die aansoeker lewer.—D. C. Neethling, Voorsitter, Elektrisiteitsbeheerraad.

BYLAE A

EERSTE BYLAE

BYLAE VAN STANDAARDPRYSE

Woordomskrywing

1. Vir die doel van hierdie Bylae het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenisse wat hieronder daaraan geheg word:

"Koste van steenkool" beteken die bedrae bestee vir die aankoop van die steenkool wat verbruik is, plus die koste van enige vervoer, hantering, voorbereiding en behandeling daarvan, aangegaan tot en met die aflewering daarvan by of in die kragstasiebunkers.

"Wooneenheid" beteken in die geval van 'n woonstelblok, elke afsonderlike woonstel in die blok, het sy elektrisiteit verbruik word, al dan nie.

"Algemene korting" of " algemene toeslag" beteken die kortings- of toeslagkoers wat van tyd tot tyd van toepassing is en wat deur die Lisensiehouer ooreenkomstig artikel 14 van die Wet aangepas is.

"Wettig gestigte dorp" beteken 'n dorp waarvan die stigting deur die Administrateur van die provinsie van die Kaap die Goeie Hoop ingevolge Ordonnansie 33 van 1934 goedgekeur is.

"Maksimum aanvraag" beteken die hoogste belasting wat die Lisensiehouer gedurende enige periode van 30 opeenvolgende minute in die maand aan die verbruiker lewer, gemeet in kilovoltampère.

"Maand" beteken die tydperk tussen opeenvolgende maandelikse meterlesings uitgevoer ingevolge die voorsieningsooreenkoms, ongeag of sodanige lesings op die laaste dag van die kalendermaand gedoen word; met dien verstande dat indien die meterlesings, ingevolge die voorsieningsooreenkoms, driemaandeliks uitgevoer word, die woord "maand" een derde van die tydperk tussen opeenvolgende meterlesings beteken, en die maandelikse verbruik in kWh geneem word as een derde van die kWh wat gedurende daardie typerk verbruik is.

"Aangemelde maksimum aanvraag" beteken—

(i) Die maksimum aanvraag wat die verbruiker skriftelik aanmeld en die Lisensiehouer aanvaar as die maksimum aanvraag wat die verbruiker van die Lisensiehouer verlang om op aanvraag te kan lewer; plus

(ii) enige vermeerdering in die aangemelde maksimum aanvraag vermeld in (i) hierbo, wat met redelike kennisgewing skriftelik deur die verbruiker aangemeld en deur die Lisensiehouer aanvaar is; met dien verstande dat sodanige vermeerdering geen deel uitmaak van die aangemelde maksimum aanvraag voor die datum waarop die Lisensiehouer ingevolge die kennisgewing in sodanige verhoogde maksimum aanvraag moet voorsien, of die datum waarop die Lisensiehouer in 'n posisie verkeer om in die behoeftes van die verbruiker in hierdie opsig te voorsien, na gelang watter die laaste datum is; plus

(iii) enige vermeerdering in die maksimum aanvraag bokant die aangemelde maksimum aanvraag wat op daardie tydstip van krag is geneem deur en voorsien aan die verbruiker, met dien verstande dat in elke geval waar kennis van enige vermeerdering in die aangemelde maksimum aanvraag nie gegee word nie en die Lisensiehouer die verbruiker in kennis stel dat sodanige vermeerdering of enige deel daarvan nie voor 'n toekomstige datum as op aanvraag beskikbaar vir die verbruiker beskou kan word nie, sodanige vermeerdering of deel nie voor sodanige toekomstige datum deel uitmaak van die aangemelde maksimum aanvraag;

(iv) met dien verstande dat, onderworpe aan die bepalings van die Wet en hierdie Lisensie, die aangemelde maksimum aanvraag vir 'n tydperk van minstens een maand tydelik vermeerder kan word op bepalinge en voorwaardes waarop die Lisensiehouer en die verbruiker ooreenkom.

"Toevoerpunt" beteken 'n punt of plek op die eiendom van die verbruiker of elders, waar elektrisiteit voorsien word of voorsien gaan word, soos deur die Lisensiehouer en die verbruiker ooreengekom.

Standaardpryse

2. Die standaardpryse wat die Lisensiehouer vir die voorsiening van elektrisiteit kan vra, is, onderworpe aan die bepalinge van die Wet en van hierdie Lisensie, as volg:

Tarief (A): Groot kragverbruikers

Vir 'n toevoer aan 'n verbruiker wie se aangemelde maksimum aanvraag 25 kilovoltampère of meer van 'n driefasige wisselstroom is teen 'n frekwensie van 50 hertz en 'n ooreengekome spanning wat in die omgewing beskikbaar is, word die volgende gevorder:

(a) 'n basiese vordering van R25 per maand welke vordering betaal moet word of enige elektrisiteit gebruik word of nie;

(b) 'n aanvraaggeld teen onderstaande koers vir elke kilovoltampère van die maksimum aanvraag wat gedurende die maand voorsien is:

(i) R12,35 wanneer die toevoer gelewer word teen 'n nominale spanning bo 380/220 volt; of

(ii) R12,60 wanneer die toevoer gelewer word teen die nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal.

(c) 'n kWh-geld teen die koers van 1,72c per kWh elektrisiteit gedurende die maand voorsien: Met dien verstande dat die genoemde kWh-koers, gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool wat by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik is, synde R10 per metrieke ton, van tyd tot tyd op die volgende wyse aangepas word:

Die koste van steenkool, uitgedruk as 'n gemiddelde koste per metrieke ton van die steenkool by genoemde kragstasies verbruik, moet vasgestel word vir elke kwartaal tot aan die einde van Maart, Junie, September en Desember, en indien die verskil tussen die gemiddelde koste van steenkool vir die kwartaal wat pas verstreke is en die basiese koste van R10 minder as 3,5c is, is die kWh-tarief wat gedurende die volgende kwartaal gehef moet word die genoemde koers van 1,72c maar indien die genoemde gemiddelde koste van steenkool met 3,5c of meer van die basiese koste verskil, is die kWh-koers wat gedurende die volgende kwartaal gehef moet word die genoemde koers van 1,72c per kWh, vermeerder of verminder met 0,002c vir elke volledige vermeerdering of vermindering van 3,5c in die genoemde koste van steenkool bokant of onderkant die basiese koste.

Om rekening te hou met die uitwerking van die algemene korting of algemene toeslag wat van toepassing is in die gebied waarop hierdie lisensie betrekking het, moet die vermeerdering of vermindering wat soos hierbo bereken is, gewysig word deur dit te vermenigvuldig met die faktor

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{algemene toeslag}}{100}}$$

indien 'n algemene toeslag van krag is, of met die faktor

$$\frac{1}{\frac{1 - \text{algemene korting}}{100}}$$

indien 'n algemene korting op die tydstip geld.

(d) Die netto bedrag ingevolge paragrawe (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Tarief (B): Klein kraggebruikers

Vir 'n elektrisiteitstoevoer waarvan die maandelikse maksimum aanvraag nooit 100 kVA oorskry nie, beskikbaar gestel teen 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal, of soos anders ooreengekom met uitsondering van toevoere ingevolge Tariewe (C) en (D) gelewer, is daar—

(a) 'n basiese vordering vir elke toevoerpunt van R12 per maand wat betaal moet word of elektrisiteit geneem word of nie;

(b) ten opsigte van elke toevoerpunt, 'n kWh-geld vir 500 kWh van die maandelikse verbruik, of die maandelikse verbruik, watter getal ook al die laagste is, teen 'n tarief van 8,75c per kWh.

(c) 'n kWh-geld teen 'n tarief van 5,45c per kWh vir kWh geneem bo en behalwe die kWh wat in (b) hierbo genoem word: Met dien verstande dat die kWh-koers van 8,75c en 5,45c per kWh, gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik, synde R10 per metrieke ton, van tyd tot tyd op die volgende wyse aangepas moet word:

Die koste van steenkool, uitgedruk as 'n gemiddelde koste per metrieke ton van die steenkool wat by genoemde kragstasies verbruik is, moet vasgestel word vir elke kwartaal tot aan die einde van Maart, Junie, September en Desember, en indien die verskil tussen die gemiddelde koste van steenkool vir die pas verstreke kwartaal en die basiese koste van R10 minder is as 17,5c, is die kWh-tarief wat in die volgende kwartaal toegepas moet word die genoemde tarief van 8,75c en 5,45c maar indien die genoemde koste van steenkool met 17,5c of meer van die basiese koste verskil, is die kWh-tarief wat in die volgende kwartaal toegepas moet word die genoemde tarief van 8,75c en 5,45c per kWh, vermeerder of verminder met 0,01c vir elke volledige vermeerdering of vermindering van 17,5c in die genoemde koste van steenkool bokant of onderkant die basiese koste.

Om rekening te hou met die uitwerking van die algemene korting of algemene toeslag wat van toepassing is in die gebied waarop hierdie lisensie betrekking het, moet die vermeerdering of vermindering wat soos hierbo bereken is, gewysig word deur dit te vermenigvuldig met die faktor

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{algemene toeslag}}{100}}$$

indien 'n algemene toeslag van krag is, of met die faktor

$$\frac{1}{\frac{1 - \text{algemene korting}}{100}}$$

indien 'n algemene korting op die tydstip geld;

(d) die netto bedrag ingevolge paragraaf (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Tarief (C): Stedelike huishoudelike verbruikers

Vir 'n elektrisiteitstoevoer vir huishoudelike doeleindes vir 'n private woning of 'n blok woonstelle, of vir 'n kerk, saal, ouetehuis of perseel van dergelike aard, binne 'n wettig gestigte dorp of binne 'n gebied wat deur die Lisensiehouer as soortgelyk aan 'n wettige gestigte dorp beskou word is daar—

(a) 'n basiese vordering van R6 per maand ten opsigte van elke toevoerpunt welke vordering betaalbaar is of elektrisiteit geneem word of nie;

(b) ten opsigte van elke toevoerpunt, 'n heffing vir 300 kWh van die maandelikse verbruik, of die maandelikse verbruik, watter getal ook al die laagste is, teen 'n tarief van 8,75c per kWh: Met dien verstande dat, vir 'n toevoer aan 'n blok woonstelle, hierdie heffing bereken word op die grondslag van 300 kWh of die gemiddelde maandelikse verbruik per wooneenheid;

(c) 'n kWh-geld teen 'n tarief van 5,45 c per kWh vir kWh geneem bo en behalwe die kWh in (b) hierbo vermeld: Met dien verstande dat die kWh-tarief van 8,75c en 5,45c per kWh gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik, synde R10 per metrieke ton, van tyd tot tyd aangepas moet word op die wyse in paragraaf (c) van Tarief (B) uiteengesit.

(d) Die netto bedrag ingevolge paragraaf (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Tarief (D): Plattelandse klein gebruikers

Vir 'n toevoer na 'n verbruiker wie se maksimum aanvraag op geen tydstip 100 kVA oorskry nie, wat beskikbaar gemaak word teen 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal of soos anders ooreengekom en wie se toevoerpunt geleë is binne 'n gebied wat as "landbougrond" omskryf word ingevolge die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond (Wet 70 van 1970), of geleë is binne 'n gebied wat deur Evkom as soortgelyk aan sodanig omskrewe gebied beskou word, is daar—

(a) 'n basiese vordering van R12 per maand ten opsigte van elke toevoerpunt, wat betaal moet word of elektrisiteit geneem word of nie;

(b) ten opsigte van elke toevoerpunt 'n kWh-geld vir 800 kWh van die maandelikse verbruik of die maandelikse verbruik, watter getal ook al die laagste is, teen 'n tarief van 8,75c per kWh;

(c) 'n kWh-geld teen 'n tarief van 5,45c per kWh vir kWh geneem bo en behalwe die kWh wat in (b) hierbo genoem word: Met dien verstande dat die kWh-koers van 8,75c en 5,45c per kWh gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik van tyd tot tyd aangepas moet word op die wyse soos in paragraaf (c) van Tarief (B) uiteengesit.

(d) Die netto bedrag ingevolge paragrawe (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Straatligte

3. Waar die Lisensiehouer 'n toevoer vir straatligte of soortgelyke openbare verligting verskaf en dit in stand hou, is die gelde vir sodanige toevoer en diens volgens 'n spesiale reëling en ooreenkoms tussen die Lisensiehouer endie verbruiker betaalbaar.

Gelde wat maandeliks betaalbaar is

4. Alle rekenings wat ingevolge hierdie Bylae deur 'n verbruiker betaalbaar is, moet gelewer word en is maandeliks betaalbaar. Indien die meterlesings, ingevolge die voorsieningsooreenkoms, driemaandeliks uitgevoer word, moet die Lisensiehouer voorlopige rekenings lewer vir die maande waarin geen meterlesings gedoen word nie, gebaseer op die maandelikse verbruik gedurende die voorafgaande tydperk van drie maande of op 'n geraamde bedrag, plus 'n finale rekening, insluitende 'n aanpassing van die voorlopige rekenings, gebaseer op die werklike verbruik vir die tydperk.

Indien die aanvangsdatum of die beëindigingsdatum van 'n toevoer sodanig was dat die toevoer vir 'n gedeelte van 'n maand beskikbaar was, word die maandelikse gelde wat ingevolge die Bylae betaalbaar is, pro rata bereken volgens die gedeelte van 'n maand van 30 dae waartydens die toevoer beskikbaar was.

Spesiale heffings vir gelewerde dienste

5. Die lisensiehouer kan gelde vorder vir spesiale dienste aan die verbruiker gelewer, bv., vir die voorsiening van dienshoofleidings, die aanbring van uitrusting in die verbruiker se substasie, vir die neem van spesiale meterlesings, die heraansluiting van 'n toevoer nadat dit ontkoppel is, (i) hetsy op versoek van die verbruiker of (ii) weens versuim deur die verbruiker om sy verpligtinge na te kom, of vir enige ander spesiale werk deur die Lisensiehouer verrig in verband met die lewering van elektrisiteit aan die verbruiker.

Verandering van standaardpryse

6. Waar daar aan 'n verbruiker, op sy versoek, elektrisiteit voorsien word teen 'n nominale spanning, wat nie die spanning is nie wat normaalweg beskikbaar is aan verbruikers in die omgewing, of in afgeleë gebiede, of in die geval van toevoerskemas vir boere, of in enige ander omstandighede waarvoor daar in artikel 29 van die Wet voorsiening gemaak word, kan die Lisensiehouer die pryse deur hierdie Bylae voorgeskryf, verander of bykomende gelde hef of albei doen, ooreenkomstig die Wet.

Electricity Control Board • Amendment of Licence.—Notice is hereby given that the Electricity Supply Commission has applied to the Board under section 33 of the Electricity Act, 1958, for the following amendment to its Cape Western Licence, namely:

Cape Western Licence, 1925

Delete the First Schedule to the Licence and substitute the First Schedule, marked Annexure A, set out later in this notice.

The Commission states that the amendment of the First Schedule is necessary—

(a) to eliminate the high general tariff surcharge at present in force, and to effect changes to the tariff structure;

(b) to introduce a new tariff (Tariff D) for small user supplies in rural areas;

(c) to standardise the basis for adjustments of energy charge tariff rates in accordance with changes in the cost of coal.

The amended tariffs will be introduced with a discount of 25% provided there is no change to the existing surcharge of 20%. Should this general surcharge be increased or decreased, in terms of section 14 (2) of the Electricity Act, before the date of introduction of the amended tariffs, there would be a corresponding change to the initial discount of 25%.

At present, the monthly extension charges applicable to Tariff A consumers are reduced (but not beyond extinction), by R1 per kVA of monthly maximum demand. With the introduction of the amended First Schedule this rebate applied to Tariff A extension charges will be increased to R1,50 per kVA of monthly maximum demand.

The request by organised agriculture for a tariff specifically for rural consumers who are not large power users, is recognised by the introduction of the new tariff, "Tariff D". This Tariff D will be applied to consumers defined as rural small users. Tariff B will in future not apply to the existing rural consumers. The monthly extension charge at present payable by these consumers will be reduced by some 40% when Tariff D is introduced. As a consequence of the introduction of the new Tariff D, the payment made by existing rural consumers may immediately or eventually increase marginally.

The Commission proposes that the new tariffs as incorporated in the First Schedule, Annexure A, as set out later in this notice be made applicable from the statistical month of January 1982.

Copies of the draft amendments are available for inspection at the Commission's Head Office, Megawatt Park, Maxwell Drive, Sunninghill Extension 3, Sandton, and in the offices of the Cape Western Region, Escom Buildings, Heerengracht, Cape Town.

The application and any objection thereto will be heard in public by the Electricity Control Board at Pretoria on a date still to be determined, at the offices of the Board, viz., Room 321, Noord-Vaal Buildings, Vermeulen Street, Pretoria.

All persons are hereby notified that notice of any objection must be sent to the Board accompanied by the fee prescribed in the Regulations in force under section 52 of the Electricity Act, 1958, not later than the 5th day of October 1981, and that a copy of the objection must at the same time be lodged with the Applicant.

Any person lodging an objection must deliver the same to the Board and to the Applicant before the time limit for giving notice of objection.—D. C. Neethling, Chairman, Electricity Control Board.

C.W.U. ANNEXURE A

FIRST SCHEDULE

SCHEDULE OF STANDARD PRICES

Definitions

1. For the purpose of this Schedule the following words and phrases shall have the meanings herein assigned to them:

"Cost of coal" shall mean the sums expended for the purchase of coal consumed plus the costs of transport, handling, preparation and treatment thereof incurred up to and including delivery of the coal at or into the power station bunkers.

"Dwelling unit" shall mean, in the case of a block of flats, each individual flat in the block whether electricity is taken or not.

"General discount" or "general surcharge" shall mean the discount rate or the surcharge rate applied from time to time adjusted by the Licensee in terms of section 14 of the Act.

"Legally constituted township" shall mean a township the establishment of which has been approved by the Administrator of the Province of the Cape of Good Hope in terms of Ordinance 33 of 1934.

"Maximum demand" shall mean the highest load supplied by the Licensee to the consumer during any period of 30 consecutive minutes in the month measured in kilovolt amperes.

"Month" shall mean the period between successive monthly meter readings made in terms of the contract of supply, irrespective of whether such readings are taken on the last day of the calendar month: Provided that if, in terms of the contract of supply, meter readings are made at three-monthly intervals, "month" shall mean one-third of the period between successive meter readings, and the monthly consumption in kWh shall be deemed to be one-third of kWh taken in the period.

"Notified maximum demand" shall mean—

(i) the maximum demand notified in writing by the consumer and accepted by the Licensee as the maximum demand which the consumer requires the Licensee to be in a position to supply on demand; plus

(ii) any increase in the notified maximum demand referred to in (i) above, notified in writing by the consumer giving reasonable notice thereof, and accepted by the Licensee: Provided that such increase shall not form part of the notified maximum demand until the date on which the Licensee is required in terms of the notification to meet such increased maximum demand, or the date on which the Licensee is in a position to meet the requirements of the consumer in this respect, whichever is the later date; plus

(iii) any increase in the maximum demand taken by and supplied to the consumer above the notified maximum demand for the time being in force, provided that in each instance where notice of the increase in the notified maximum demand is not given and the Licensee notifies the consumer that such increase or any portion thereof cannot be regarded as available to the consumer on demand until a future date, such increase or portion shall not, until such future date, form part of the notified maximum demand;

(iv) provided that, subject to the provisions of the Act and this Licence, the notified maximum demand may be temporarily increased for a period of not less than one month on such terms and conditions as may be agreed between the Licensee and the Consumer.

"Point of supply" shall mean a point or position on the property of the consumer or elsewhere, at which electricity is or is to be supplied as agreed between the Licensee and the consumer.

Standard Prices

2. The standard prices chargeable by the Licensee for the supply of electricity shall, subject to the provisions of the Act, and of this Licence, be as follows:

Tariff (A): Large power users

For electricity supplied to a consumer whose notified maximum demand is 25 kilovolt amperes or over, of three-phase alternating current at a frequency of 50 hertz and at an agreed voltage which is available in the vicinity, there shall be—

(a) a basic charge of R25 per month, which charge shall be payable whether any electricity is taken or not;

(b) a demand charge for each kilovolt ampere of the maximum demand supplied in the month at the rate of—

(i) R9,90 when the supply is furnished at a nominal voltage above 380/220 volts; or

(ii) R10,15 when the supply is furnished at the nominal voltage of 380 volts between phase and 220 volts between phases and neutral;

(c) a kWh charge at the rate of 1,44c per kWh supplied in the month: Provided that the said kWh rate having been based upon the average cost of coal consumed at the power stations of the Central Generating Undertaking being R10 per metric ton, shall be adjusted from time to time in the following manner:

The cost of coal expressed as an average cost per metric ton of the coal consumed at the said power stations shall be ascertained for each three-monthly period to the end of March, June, September and December, and if the difference in the average cost of coal for the three-monthly period immediately past and the said basic cost of R10 is less than 3,5c, the kWh rate to be applied in the succeeding three-monthly period shall be the said rate of 1,44c but if the said average cost of coal differs from the basic cost by 3,5c or more, then the kWh rate to be applied in the succeeding three-monthly period shall be the said rate of 1,44c per kWh increased or decreased by 0,002c for each complete increase or decrease of 3,5c in the said cost of coal above or below the basic cost.

To take into account the effect of the general discount or general surcharge ruling in the area covered by this Licence, the increase or decrease calculated above shall be further adjusted by multiplying by the factor

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{General surcharge}}{100}}$$

if a general surcharge is in force or by the factor

$$\frac{1}{\frac{1 - \text{General discount}}{100}}$$

if a general discount is ruling at the time;

(d) the sum of the net amount determined under paragraphs (a), (b) and (c) hereof shall be subject to the general discount or general surcharge ruling at the time.

Tariff (B): Small power users

For a supply to a consumer whose maximum demand at no time exceeds 100 kVA, made available at a nominal voltage of 380 volts between phases and 220 volts between phase and neutral or as otherwise agreed, excepting supplies provided under Tariffs (C) and (D), there shall be—

(a) a basic charge for each point of supply of R12 per month, which charge shall be payable whether electricity is taken or not;

(b) in respect of each point of supply, a kWh charge for 500 kWh of the monthly consumption, or the monthly consumption, whichever is the lesser number, at the rate of 7,7c per kWh;

(c) a kWh charge at the rate of 4,4c per kWh for kWh taken in excess of the kWh referred to in (b) above: Provided that the kWh rates of 7,7c and 4,4c per kWh, having been based upon the average cost of coal consumed at the power stations of the Central Generating Undertaking being R10 per metric ton, shall be adjusted from time to time in the following manner:

The cost of coal expressed as an average cost per metric ton of the coal consumed at the said power stations shall be ascertained for each quarter to the end of March, June, September and December, and if the difference in the average cost of coal for the quarter immediately past and the said basic cost of R10 is less than 17,5, the kWh rates to be applied in the succeeding quarter shall be the said rates of 7,7c; but if the said cost of coal differs from the basic cost by 17,5c or more, then the kWh rate to be applied in the succeeding quarter shall be the said rates of 7,7c and 4,4c per kWh increased or decreased by 0,01 for each complete increase or decrease of 17,5c in the said cost of coal above or below the basic cost.

To take into account the effect of the general discount or general surcharge ruling in the area covered by this Licence, the increase or decrease calculated above shall be further adjusted by multiplying by the factor

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{General surcharge}}{100}}$$

if a general surcharge is in force or by the factor

$$\frac{1}{\frac{1 - \text{General discount}}{100}}$$

if a general discount is ruling at the time;

(d) the sum of the net amount determined under paragraphs (a), (b) and (c) hereof shall be subject to the general discount or general surcharge ruling at the time.

Tariff (C): Urban domestic consumers

For a supply of electricity for domestic purposes for a private house or a block of flats, or for a church, hall, old age home or the like premises, within a legally constituted township or within an area considered by the Licensee to be similar to a legally constituted township there shall be—

(a) a basic charge of R4 per month in respect of each point of supply, which charge shall be payable whether any electricity is taken or not;

(b) in respect of each point of supply, a charge for 300 kWh of the monthly consumption, or the monthly consumption, whichever is the lesser number, at the rate of 7,2c per kWh: Provided that, for a supply to a block of flats, this charge shall be calculated on 300 kWh or the average monthly consumption per dwelling unit;

(c) a kWh charge at the rate of 4,4c per kWh for kWh taken in excess of the kWh referred to in (b) above: Provided that the kWh rates of 7,2c and 4,4c per kWh having been based upon the average cost of coal consumed at the power stations of the Central Generating Undertaking being R10 per metric ton, shall be adjusted from time to time in the manner set out in paragraph (c) of Tariff (B);

(d) the sum of the net amount determined under paragraphs (a), (b) and (c) hereof shall be subject to the general discount or general surcharge ruling at the time.

Tariff (D): Rural small users

For supply to a consumer whose maximum demand at no time exceeds 100 kVA, made available at a nominal voltage of 380 volts between phases and 220 volts between phase and neutral or as otherwise agreed and whose point of supply is situated within an area defined as "agricultural land" in terms of the Sub-division of Agricultural Land Act (Act 70 of 1970), or is situated within an area deemed by Escom to be similar to such a defined area, there shall be—

(a) a basic charge for each point of supply of R12 per month, which charge shall be payable whether electricity is taken or not;

(b) in respect of each point of supply, a kWh charge for 800 kWh of the monthly consumption or the monthly consumption, whichever is the lesser number, at the rate of 7,7c per kWh;

(c) a kWh charge at the rate of 4,4c per kWh for kWh taken in excess of the kWh referred to in (b) above: Provided that the kWh rates of 7,7c and 4,4c per kWh, having been based upon the average cost of coal consumed at the power stations of the Central Generating Undertaking being R10 per metric ton, shall be adjusted from time to time in the manner set out in paragraph (c) of Tariff (B);

(d) the sum of the net amount determined under paragraphs (a), (b) and (c) hereof shall be subject to the general discount or general surcharge ruling at the time.

Street Lighting

3. Where the Licensee provides a supply for, and maintains, any street lighting or similar public lighting, the charge for such supply and service shall be fixed by special arrangements between the Licensee and the consumer.

Charges payable monthly

4. All accounts payable by a consumer in terms of this schedule shall be rendered and shall be payable monthly. If, in terms of the contract of supply, meter readings are made at three-monthly intervals, the Licensee shall render provisional accounts for the months in which no meter reading is made, based upon the monthly consumption in the previous three-monthly period or upon an estimated amount, and a final account, incorporating an adjustment of the provisional accounts, based upon the actual consumption for the period.

If the commencing date or the termination date of any supply be such that the supply was available for portion of a month, the monthly charges payable in terms of the schedule shall be calculated *pro rata* to the portion of a month of 30 days during which the supply was available.

Special charges for services rendered

5. The Licensee may make special charges for services rendered to the consumer in the provision of service mains, the installation of equipment in the consumer's substation, for the taking of any special meter readings, for reconnection of the supply after disconnection (i) either at the request of the consumer or (ii) for failure by the consumer to carry out his obligations, and for special work done for the consumer by the Licensee.

Variation of standard prices

6. Where a consumer, at his request, is supplied with electricity at a nominal voltage, which is not the voltage generally available to consumers in the area, or in outlying areas or in the case of farmers' supply schemes or in any other circumstances provided for in section 29 of the Act, the Licensee may vary the prices prescribed by this Schedule or may impose additional charges or both, in accordance with the Act.

Elektrisiteitsbeheerraad. Wysiging van lisensie.—Kennisgewing geskied hiermee dat die Elektrisiteitsvoorsienningskommissie ooreenkomstig artikel 33 van die Elektrisiteitswet van 1958, by die Raad aansoek gedoen het om die volgende wysiging aan sy Wes-Kaaplandse Lisensie, naamlik:—

Wes-Kaaplandse Lisensie, 1925

Skrap die Eerste Bylae by die Lisensie en vervang dit deur die Eerste Bylae, gemerk Aanhangsel A, wat later in hierdie kennisgewing verskyn.

Die Kommissie verklaar dat wysiging van die Eerste Bylae nodig is om—

(a) die hoë algemene tarieftoeslag wat tans van krag is, uit te skakel en om veranderings aan die tariefstruktuur aan te bring;

(b) 'n nuwe tarief (Tarief D) vir klein gebruikertoevoere in platteland se gebiede in te stel;

(c) die basis vir wysiging van die energiekomponent van die tariewe in ooreenstemming met veranderings in die steenkoolkoste, te standaardiseer.

Die gewysigde tariewe sal met 'n korting van 25% ingestel word met dien verstande dat daar geen verandering in die bestaande toeslag van 20% is nie. Indien hierdie algemene toeslag ooreenkomstig artikel 14 (2) van die Elektrisiteitswet voor die instellingsdatum van die gewysigde tariewe verhoog of verlaag sou word, sou daar 'n ooreenstemmende verandering van die aanvanklike korting van 25% wees.

Op die oomblik word die maandelikse uitbreidingsgelde van Tarief A-verbruikers met R1 per kVA van die maandelikse maksimumaanvraag verminder (slegs tot by uitwissing). Met die instelling van die gewysigde Eerste Bylae sal hierdie korting van toepassing op Tarief A-uitbreidingsgelde tot R1,50 per kVA van die maandelikse maksimumaanvraag verhoog word.

Die georganiseerde landbou se versoek om 'n tarief spesifiek vir landelike verbruikers wat nie grootmaatverbruikers is nie, het gelei tot die instelling van die nuwe tarief, "Tarief D". Hierdie Tarief D is van toepassing op almal wat omskryf is as landelike kleinverbruikers. Tarief B sal voortaan nie op bestaande landelike verbruikers van toepassing wees nie. Die maandelikse uitbreidingsgelde tans betaalbaar deur sodanige verbruikers, sal na die instelling van Tarief D met sowat 40% verminder word. Die instelling van die nuwe Tarief D sal tot gevolg hê dat bestaande landelike verbruikers se onmiddellike of uiteindelike betaling in 'n geringe mate kan styg.

Die Kommissie is voornemens om die nuwe tariewe wat in die Eerste Bylae, Bylae A, opgeneem is en later in hierdie kennisgewing uiteengesit word toe te pas vanaf die statistiese maand van Januarie 1982.

Afskrifte van die konsepwysigings lê ter insae in die Kommissie se Hoofkantoor, Megawatt Park, Maxwellrylaan, Sunninghill-uitbreiding 3, Sandton, en in die kantore van die Kommissie se Wes-Kaaplandse Streek, Evkom-gebou, Heerengracht, Kaapstad.

Die aansoek en enige beswaar daarteen sal in die openbaar deur die Elektrisiteitsbeheerraad, in sy kantoor in Pretoria, naamlik Kamer 321, Noord-Vaal-gebou, Vermeulenstraat, aangehoor word op 'n datum wat nog bepaal moet word.

Alle persone word hiermee in kennis gestel dat kennisgewing van enige beswaar nie later nie as die 5de dag van Oktober 1981, aan die Raad gestuur moet word en vergesel moet wees van die gelde voorgeskryf in die regulasies wat van krag is ingevolge artikel 52 van die Elektrisiteitswet 1958, en dat 'n afskrif van die beswaar terselfdertyd by die aansoeker ingedien moet word.

Enige persoon wat beswaar wil opper, moet binne die tydperk waarin van besware kennis gegee moet word, aan die Raad en die aansoeker lewer.—D. C. Neethling, Voorsitter, Elektrisiteitsbeheerrraad.

BYLAE A

EERSTE BYLAE

BYLAE VAN STANDAARDPRYSE

Woordomskrywing

1. Vir die doel van hierdie Bylae het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenisse wat hieronder daaraan geheg word:

"Koste van steenkool" beteken die bedrae bestee vir die aankoop van die steenkool wat verbruik is, plus die koste van enige vervoer, hantering, voorbereiding en behandeling daarvan, aangegaan tot en met die aflewering daarvan by of in die kragstasiebunkers.

"Wooneenheid" beteken in die geval van 'n woonstelblok, elke afsonderlike woonstel in die blok, hetsy elektrisiteit verbruik word, al dan nie.

"Algemene korting" of "algemene toeslag" beteken die kortings- of toeslagkoers wat van tyd tot tyd van toepassing is en wat deur die Lisensiehouer ooreenkomstig artikel 14 van die Wet aangepas is.

"Wettig gestigte dorp" beteken 'n dorp waarvan die stigting deur die Administrateur van die provinsie van die Kaap die Goeie Hoop ingevolge Ordonnansie 33 van 1934 goedgekeur is.

"Maksimum aanvraag" beteken die hoogste belasting wat die Lisensiehouer gedurende enige periode van 30 opeenvolgende minute in die maand aan die verbruiker lewer, gemeet in kilovoltampère.

"Maand" beteken die tydperk tussen opeenvolgende maandelikse meterlesings uitgevoer ingevolge die voorsieningsooreenkoms, ongeag of sodanige lesings op die laaste dag van die kalendermaand gedoen word: Met dien verstande dat indien die meterlesings, ingevolge die voorsieningsooreenkoms, driemaandeliks uitgevoer word, die woord "maand" een derde van die tydperk tussen opeenvolgende meterlesings beteken, en die maandelikse verbruik in kWh geneem word as een derde van die kWh wat gedurende daardie tydperk verbruik is.

"Aangemelde Maksimum Aanvraag" beteken—

(i) Die maksimum aanvraag wat die verbruiker skriftelik aanmeld en die Lisensiehouer aanvaar as die maksimum aanvraag wat die verbruiker van die Lisensiehouer verlang om op aanvraag te kan lewer; plus

(ii) enige vermeerdering in die aangemelde maksimum aanvraag vermeld in (i) hierbo, wat met redelike kennisgewing skriftelik deur die verbruiker aangemeld en deur die Lisensiehouer aanvaar is: Met dien verstande dat sodanige vermeerdering geen deel uitmaak van die aangemelde maksimum aanvraag voor die datum waarop die Lisensiehouer ingevolge die kennisgewing in sodanige verhoogde maksimum aanvraag moet voorsien, of die datum waarop die Lisensiehouer in 'n posisie verkeer om in die behoeftes van die verbruiker in hierdie opsig te voorsien, na gelang watter die laaste datum is; plus

(iii) enige vermeerdering in die maksimum aanvraag bokant die aangemelde maksimum aanvraag wat op daardie tydstip van krag is geneem deur en voorsien aan die verbruiker, met dien verstande dat in elke geval waar kennis van enige vermeerdering in die aangemelde maksimum aanvraag nie gegee word nie en die Lisensiehouer die verbruiker in kennis stel dat sodanige vermeerdering of enige deel daarvan nie voor 'n toekomstige datum as op aanvraag beskikbaar vir die verbruiker beskou kan word nie, sodanige vermeerdering of deel nie voor sodanige toekomstige datum deel uitmaak van die aangemelde maksimum aanvraag;

(iv) met die dien verstande dat, onderworpe aan die bepalings van die Wet en hierdie Lisensie, die aangemelde maksimum aanvraag vir 'n tydperk van minstens een maand tydelik vermeerder kan word op bepalinge en voorwaardes waarop die Lisensiehouer en die verbruiker ooreenkom.

"Toevoerpunt" beteken 'n punt of plek op die eiendom van die verbruiker of elders, waar elektrisiteit voorsien word of voorsien gaan word, soos deur die Lisensiehouer en die verbruiker ooreengekom.

Standaardpryse

2. Die standaardpryse wat die Lisensiehouer vir die voorsiening van elektrisiteit kan vra, is, onderworpe aan die bepalinge van die Wet en van hierdie Lisensie, as volg:

Tarief (A): Groot kragverbruikers

Vir 'n toevoer aan 'n verbruiker wie se aangemelde maksimum aanvraag 25 kilovoltampère of meer van 'n driefasige wisselstroom is teen 'n frekwensie van 50 hertz en 'n ooreengekome spanning wat in die omgewing beskikbaar is, word die volgende gevorder:

(a) 'n Basiese vordering van R25 per maand welke gelde betaal moet word of enige elektrisiteit gebruik word of nie;

(b) 'n aanvraaggeld teen onderstaande koers vir elke kilovoltampère van die maksimum aanvraag wat gedurende die maand voorsien is.

(i) R9,90 wanneer die toevoer gelewer word teen 'n nominale spanning bo 380/220 volt; of

(ii) R10,15 wanneer die toevoer gelewer word teen die nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal;

(c) 'n kWh-geld teen die koers van 1,44c per kWh-elektrisiteit gedurende die maand voorsien: Met dien verstande dat die genoemde kWh-koers, gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool wat by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik is, synde R10 per metrieke ton, van tyd tot tyd op die volgende wyse aangepas word:

Die koste van steenkool, uitgedruk as 'n gemiddelde koste per metrieke ton van die steenkool by genoemde kragstasies verbruik, moet vasgestel word vir elke kwartaal tot aan die einde van Maart, Junie, September en Desember, en indien die verskil tussen die gemiddelde koste van steenkool vir die kwartaal wat pas verstreke is en die basiese koste van R10 minder as 3,5c is, is die kWh-tarief wat gedurende die volgende kwartaal gehef moet word die genoemde koers van 1,44c maar indien die genoemde gemiddelde koste van steenkool met 3,5c of meer van die basiese koste verskil, is die kWh-koers wat gedurende die volgende kwartaal gehef moet word die genoemde koers van 1,44c per kWh, vermeerder of verminder met 0,002c vir elke volledige vermeerdering of vermindering van 3,5c in die genoemde koste van steenkool bokant of onderkant die basiese koste.

Om rekening te hou met die uitwerking van die algemene korting of algemene toeslag wat van toepassing is in die gebied waarop hierdie lisensie betrekking het, moet die vermeerdering of vermindering wat soos hierbo bereken is, gewysig word deur dit te vermenigvuldig met die faktor—

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{algemene toeslag}}{100}}$$

indien 'n algemene toeslag van krag is, of met die faktor—

$$\frac{1}{\frac{1 - \text{algemene toeslag}}{100}}$$

indien 'n algemene korting op die tydstip geld.

(d) Die netto bedrag ingevolge paragraaf (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Tarief (B): Klein kraggebruikers

Vir 'n elektrisiteitstoevoer waarvan die maandelikse maksimum aanvraag nooit 100 kVA oorskry nie, beskikbaar gestel teen 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal of soos anders ooreengekom, met uitsondering van toevoere ingevolge Tariewe (C) en (D) gelewer, is daar—

(a) 'n basiese vordering vir elke toevoerpunt van R12 per maand wat betaal moet word of elektrisiteit geneem word of nie;

(b) ten opsigte van elke toevoerpunt, 'n kWh-geld vir 500 kWh van die maandelikse verbruik, of die maandelikse verbruik, watter getal ook al die laagste is, teen 'n tarief van 7,7c per kWh;

(c) 'n kWh-geld teen 'n tarief van 4,4c per kWh vir kWh geneem bo en behalwe die kWh wat in (b) hierbo genoem word: Met dien verstande dat die kWh-koers van 7,7c en 4,4c per kWh, gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik, synde R10 per metrieke ton, van tyd tot tyd op die volgende wyse aangepas moet word:

Die koste van steenkool, uitgedruk as 'n gemiddelde koste per metrieke ton van die steenkool wat by genoemde kragstasies verbruik is, moet vasgestel word vir elke kwartaal tot aan die einde van Maart, Junie, September en Desember, en indien die verskil tussen die gemiddelde koste van steenkool vir die pas verstreke kwartaal en die basiese koste van R10 minder is as 17,5c, is die kWh-tarief wat in die volgende kwartaal toegepas moet word die genoemde tarief van 7,7c en 4,4c maar indien die genoemde koste van steenkool met 17,5c of meer van die basiese koste verskil, is die kWh-tarief wat in die volgende kwartaal toegepas moet word die genoemde tarief van 7,7c en 4,4c per kWh, vermeerder of verminder met 0,01c vir elke volledige vermeerdering of vermindering van 17,5c in die genoemde koste van steenkool bokant of onderkant die basiese koste.

Om rekening te hou met die uitwerking van die algemene korting of almene toeslag wat van toepassing is in die gebied waarop hierdie lisensie betrekking het, moet die vermeerdering of vermindering wat soos hierbo bereken is, gewysig word deur dit te vermenigvuldig met die faktor—

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{algemene toeslag}}{100}}$$

indien 'n algemene toeslag van krag is, of met die faktor—

$$\frac{1}{\frac{1 - \text{algemene toeslag}}{100}}$$

indien 'n algemene korting op die tydstip geld.

(d) Die netto bedrag ingevolge paragraaf (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Tarief (C): Stedelike huishoudelike verbruikers

Vir 'n elektrisiteitstoevoer vir huishoudelike doeleindes vir 'n private woning of 'n blok woonstelle, of vir 'n kerk, saal, ouetehuis of perseel van dergelike aard, binne 'n wettig gestigte dorp of binne 'n gebied wat deur die Lisensiehouer as soortgelyk aan 'n wettig gestigte dorp beskou word, is daar—

(a) 'n basiese vordering van R4 per maand ten opsigte van elke toevoerpunt welke vordering betaalbaar is of elektrisiteit geneem word of nie;

(b) ten opsigte van elke toevoerpunt, 'n heffing vir 300 kWh van die maandelikse verbruik, of die maandelikse verbruik, watter getal ook al die laagste is, teen 'n tarief van 7,2c per kWh: Met dien verstande dat, vir 'n toevoer aan 'n blok woonstelle, hierdie heffing bereken word op die grondslag van 300 kWh of die gemiddelde maandelikse verbruik per wooneenheid;

(c) 'n kWh-geld teen 'n tarief van 4,4c per kWh vir kWh geneem bo en behalwe die kWh in (b) hierbo vermeld: Met dien verstande dat die kWh-tarief van 7,2c en 4,4c per kWh gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik, synde R10 per metrieke ton, van tyd tot tyd aangepas moet word op die wyse in paragraaf (c) van Tarief (B) uiteengesit;

(d) die netto bedrag ingevolge paragraaf (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Tarief (D): Plattelandse klein gebruikers

Vir 'n toevoer na 'n verbruiker wie se maksimum aanvraag op geen tydstip 100 kVA oorskry nie, wat beskikbaar gemaak word teen 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal, of soos anders ooreengekom, en wie se toevoerpunt geleë is binne 'n

gebied wat as "landbougrond" omskryf word ingevolge die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond (Wet 70 van 1970), of geleë is binne 'n gebied wat deur Evkom as soortgelyk aan sodanig omskrewe gebied beskou word, is daar—

(a) 'n basiese vordering van R12 per maand ten opsigte van elke toevoerpunt, wat betaal moet word of elektrisiteit geneem word of nie;

(b) ten opsigte van elke toevoerpunt 'n kWh-geld vir 800 kWh van die maandelikse verbruik of die maandelikse verbruik, watter getal ook al die laagste is, teen 'n tarief van 7,7c per kWh;

"Maximum demand" shall mean the highest load supplied by the Licensee to the consumer during any period of 30 consecutive minutes in the month measured in kilovolt amperes.

"Month" shall mean the period between successive monthly meter readings made in terms of the contract of supply, irrespective of whether such readings are taken on the last day of the calendar month: Provided that if, in terms of the contract of supply, meter readings are made at three-monthly intervals, "month" shall mean one-third of the period between successive meter readings, and the monthly consumption in kWh shall be deemed to be one-third of kW.h taken in the period.

"Notified maximum demand" shall mean—

(i) the maximum demand notified in writing by the consumer and accepted by the Licensee as the maximum demand which the consumer requires the Licensee to be in a position to supply on demand; plus

(ii) any increase in the notified maximum demand referred to in (i) above, notified in writing by the consumer giving reasonable notice thereof, and accepted by the Licensee: Provided that such increase shall not form part of the notified maximum demand until the date on which the Licensee is required in terms of the notification to meet such increased maximum demand, or the date on which the Licensee is in a position to meet the requirements of the consumer in this respect, whichever is the later date; plus

(iii) any increase in the maximum demand taken by and supplied to the consumer above the notified maximum demand for the time being in force, provided that in each instance where notice of the increase in the notified maximum demand is not given and the Licensee notifies the consumer that such increase or any portion thereof cannot be regarded as available to the consumer on demand until a future date, such increase or portion shall not, until such future date, form part of the notified maximum demand;

(iv) provided that, subject to the provisions of the Act and this Licence, the notified maximum demand may be temporarily increased for a period of not less that one month on such terms and conditions as may be agreed between the Licensee and the Consumer.

"Point of supply" shall mean a point or position on the property of the consumer or elsewhere, at which electricity is or is to be supplied as agreed between the Licensee and the consumer.

Standard prices

2. The standard prices chargeable by the Licensee for the supply of electricity shall, subject to the provisions of the Act, and of this Licence, be as follows:

Tariff (A): Large power users

For electricity supplied to a consumer whose notified maximum demand is 25 kilovolt amperes or over, of three-phase alternating current at a frequency of 50 hertz and at an agreed voltage which is available in the vicinity, there shall be—

(a) a basic charge of R20 per month, which charge shall be payable whether any electricity is taken or not;

(b) a demand charge for each kilovolt ampere of the maximum demand supplied in the month at the rate of—

(i) R5,25 when the supply is furnished at the nominal voltage of 132 000 volts between phases; or

(ii) R5,50 when the supply is furnished at the nominal voltage between phases below 132 000 volts and above 380 volts; or

(iii) R5,65 when the supply is furnished at the nominal voltage of 380 volts between phases or 220 volts between phase and neutral;

(c) a kWh charge at the rate of 0,92c per kWh supplied in the month: Provided that the said kWh rate having been based upon the average cost of coal consumed at the power stations of the Central Generating Undertaking being R10 per metric ton, shall be adjusted from time to time in the following manner:

The cost of coal expressed as an average cost per metric ton of the coal consumed at the said power stations shall be ascertained for each three-monthly period to the end of March, June, September and December, and if the difference in the average cost of coal for the three-monthly period immediately past and the said basic cost of R10 is less than 3,5c the kWh rate to be applied in the succeeding three-monthly period shall be the said rate of 0,92c but if the said average cost of coal differs from the basic cost by 3,5c or more, then the kWh rate to be applied in the succeeding three-monthly period shall be the said rate of 0,92c per kWh increased or decreased by 0,002c for each complete increase or decrease of 3,5c in the said cost of coal above or below the basic cost. To take into account the effect of the general discount or general surcharge ruling in the area covered by this Licence, the increase or decrease calculated above shall be further adjusted by multiplying by the factor—

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{General surcharge}}{100}}$$

if a general surcharge is in force or by the factor—

$$\frac{1}{\frac{1 - \text{General discount}}{100}}$$

if a general discount is ruling at the time;

(d) the sum of the net amount determined under paragraphs (a), (b) and (c) hereof shall be subject to the general discount or general surcharge ruling at the time.

Tariff (B): Small power users

For a supply to a consumer whose maximum demand at no time exceeds 100 kVA made available at a nominal voltage of 380 volts between phases and 220 volts between phase and neutral or as otherwise agreed, excepting supplies provided under Tariffs (C) and (D), there shall be—

(a) a basic charge for each point of supply of R8 per month, which charge shall be payable whether electricity is taken or not;

(b) in respect of each point of supply, a kWh charge for 500 kWh of the monthly consumption, or the monthly consumption, whichever is the lesser number, at the rate of 4,55c per kWh;

(c) a kWh charge at the rate of 2,4c per kWh for kWh taken in excess of the kWh referred to in (b) above: Provided that the kWh rates of 4,55c and 2,4c per kWh, having been based upon the average cost of coal consumed at the power stations of the Central Generating Undertaking being R10 per metric ton, shall be adjusted from time to time in the following manner:

The cost of coal expressed as an average cost per metric ton of the coal consumed at the said power stations shall be ascertained for each quarter to the end of March, June, September and December, and if the difference in the average cost of coal for the quarter immediately past and the said basic cost of R10 (ten rand) is less than 17,5 (seventeen comma five cents), the kWh rates to be applied in the succeeding quarter shall be the said rates of 4,55c and 2,4c; but if the said cost of coal differs from the basic cost by 17,5c or more, then the kWh rate to be applied in the succeeding quarter shall be the said rates of 4,55c and 2,4c per kWh increased or decreased by 0,01 for each complete increase or decrease of 17,5c in the said cost of coal above or below the basic cost.

To take into account the effect of the general discount or general surcharge ruling in the area covered by this Licence, the increase or decrease calculated above shall be further adjusted by multiplying by the factor—

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{General surcharge}}{100}}$$

if a general surcharge is in force or by the factor—

$$\frac{1}{\frac{1 - \text{General discount}}{100}}$$

if a general discount is ruling at the time;

(d) the sum of the net amount determined under paragraphs (a), (b) and (c) hereof shall be subject to the general discount or general surcharge ruling at the time.

Tariff (c): Urban domestic consumers

For a supply of electricity for domestic purposes for a private house or a block of flats, or for a church, hall, old age home or the like premises, within a legally constituted township or within an area considered by the Licensee to be similar to a legally constituted township there shall be—

(a) a basic charge of R4 per month in respect of each point of supply, which charge shall be payable whether any elctricity is taken or not;

(b) in respect of each point of supply, a charge for 300 kW.h of the monthly consumption, or the monthly consumption, whichever is the lesser number, at the rate of 4,55c per kWh: Provided that, for a supply to a block of flats, this charge shall be calculated on 300 kWh or the average monthly consumption per dwelling unit;

(c) a kWh charge at the rate of 2,4c per kWh for kWh taken in excess of the kWh referred to in (b) above: Provided that the kWh rates of 4,55c and 2,4c per kWh having been based upon the average cost of coal consumed at the power stations of the Central Generating Undertaking being R10 per metric ton, shall be adjusted from time to time in the manner set out in paragraph (c) of Tariff (B);

(d) The sum of the net amount determined under paragraphs (a), (b) and (c) hereof shall be subject to the general discount or general surcharge ruling at the time.

Tariff (D): Rural small users

For supply to a consumer whose maximum demand at no time exceeds 100 kVA, made available at a nominal voltage of 380 volts between phases and 220 volts between phase and neutral or as otherwise agreed and whose point of supply is situated within an area defined as "agricultural land" in terms of the Sub-division of Agricultural Land Act (Act 70 of 1970), or is situated within an area deemed by Escom to be similar to such a defined area, there shall be—

(a) a basic charge for each point of supply of R8 per month, which charge shall be payable whether electricity is taken or not;

(b) in respect of each point of supply, a kWh charge for 800 kWh of the monthly consumption or the monthly consumption, whichever is the lesser number, at the rate of 4,55c per kWh;

(c) a kWh charge at the rate of 2,4c per kWh for kWh taken in excess of the kWh referred to in (b) above: Provided that the kWh rates of 4,55c and 2,4c per kWh, having been based upon the average cost of coal consumed at the power stations of the Central Generating Undertaking being R10 per metric ton, shall be adjusted from time to time in the manner set out in paragraph (c) of Tariff (B);

(d) the sum of the net amount determined under paragraphs (a), (b) and (c) hereof shall be subject to the general discount or general surcharge ruling at the time.

Street lighting

3. Where the Licensee provides a supply for, and maintains, any street lighting or similar public lighting, the charge for such supply and service shall be fixed by special arrangements between the Licensee and the consumer.

Charges payable monthly

4. All accounts payable by a consumer in terms of this Schedule shall be rendered and shall be payable monthly. If, in terms of the contract of supply, meter readings are made at three-monthly intervals, the Licensee shall render provisional accounts for the months in which no meter reading is made, based upon the monthly consumption in the previous three-monthly period or upon an estimated amount, and a final account, incorporating an adjustment of the provisional accounts, based upon the actual consumption for the period.

If the commencing date or the termination date of any supply be such that the supply was available for portion of a month, the monthly charges payable in terms of the Schedule shall be calculated pro rata to the portion of a month of 30 days during which the supply was available.

Special charges for services rendered

5. The Licensee may make special charges for services rendered to the consumer in the provision of service mains, the installation of equipment in the consumer's substation, for the taking of any special meter readings, for reconnection of the supply after disconnection (i) either at the request of the consumer or (ii) for failure by the consumer to carry out his obligations, and for special work done for the consumer by the Licensee.

Variation of standard prices

6. Where a consumer, at his request, is supplied with electricity at a nominal voltage, which is not the voltage generally available to consumers in the area, or in outlying areas or in the case of farmers' supply schemes or in any other circumstances provided for in section 29 of the Act, the Licensee may vary the prices prescribed by this Schedule or may impose additional charges or both, in accordance with the Act.

Elektrisiteitsbeheerraad • Wysiging van lisensie.—Kennisgewing geskied hiermee dat die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie ooreenkomstig artikel 33 van die Elektrisiteitswet van 1958, by die Raad aansoek gedoen het om die volgende wysiging aan sy Natal Lisensies, naamlik:

Natal Lisensies, 1927

Skrap die Eerste Bylae by die Lisensie en vervang dit deur die Eerste Bylae, gemerk Aanhangsel A, wat later in hierdie kennisgewing verskyn.

Die Kommissie verklaar dat die voorgestelde wysiging van die Eerste Bylae die volgende behels:

(a) Die instelling van 'n nuwe tarief (Tarief D) vir klein gebruikertoevoere in plattelandse gebiede; en

(b) administratiewe wysiging van die prosedure vir die aanpassing van kWh-vorderings vir skommelinge in die steenkoolkoste as volg:

(i) Die insluiting van al Evkom se kragstasies by die vasstelling van die steenkoolkoste;

(ii) 'n verandering aan die verklaarde basiese steenkoolkoste;

(iii) wysiging van die metode waarvolgens aanpassings bereken word;

(iv) wysiging van die verklaarde kWh-tariewe as gevolg van (b) (i), (b) (ii), en (b) (iii).

Die georganiseerde landbou se versoek om 'n tarief spesifiek vir landelike verbruikers wat nie grootmaatverbruikers is nie, het gelei tot die instelling van die nuwe tarief, "Tarief D". Hierdie Tarief D is van toepassing op almal wat omskryf is as landelike kleinverbruikers. Tarief B sal voortaan nie op bestaande landelike verbruikers van toepassing wees nie. Die maandelikse uitbreidingsgelde tans betaalbaar deur sodanige verbruikers, sal na die instelling van Tarief D met sowat 40% verminder word. Die instelling van die nuwe Tarief D sal tot gevolg hê dat bestaande landelike verbruikers se onmiddellike of uiteindelike betaling in 'n geringe mate kan styg.

Die Kommissie verklaar dat daar geen beduidende verandering van die werklike kWh-tariewe op grond van die administratiewe wysigings soos in paragraaf (b) hierbo uiteengesit, sal wees nie.

Die Kommissie is voornemens om die nuwe tariewe wat in die Eerste Bylae, Bylae A, opgeneem is en later in hierdie kennisgewing uiteengesit word toe te pas vanaf die statistiese maand van Januarie 1982.

Afskrifte van die konsepwysigings lê ter insae in die Kommissie se Hoofkantoor, Megawatt Park, Maxwellrylaan, Sunninghill-uitbreiding 3, Sandton, en in die kantore van die Kommissie se Natalse Streek, Weststraat 320, Durban.

Die aansoek en enige beswaar daarteen sal in die openbaar deur die Elektrisiteitsbeheerraad, in sy kantoor in Pretoria, naamlik Kamer 321, Noord-Vaalgebou, Vermeulenstraat, aangehoor word op 'n datum wat nog bepaal moet word.

Alle persone word hiermee in kennis gestel dat kennisgewing van enige beswaar nie later nie as die vyfde dag van Oktober 1981, aan die Raad gestuur moet word en vergesel moet wees van die gelde voorgeskryf in die regulasies wat van krag is ingevolge artikel 52 van die Elektrisiteitswet 1958, en dat 'n afskrif van die beswaar terselfdertyd by die aansoeker ingedien moet word.

Enige persoon wat beswaar wil opper, moet binne die tydperk waarin van besware kennis gegee moet word, aan die Raad en die aansoeker lewer.

D. C. Neethling, Voorsitter, Elektrisiteitsbeheerraad.

BYLAE A

EERSTE BYLAE

BYLAE VAN STANDAARDPRYSE

Woordomskrywing

1. Vir die doel van hierdie Bylae het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenisse wat hieronder daaraan geheg word:

"Koste van steenkool" beteken die bedrae bestee vir die aankoop van die steenkool wat verbruik is, plus die koste van enige vervoer, hantering, voorbereiding en behandeling daarvan, aangegaan tot en met die aflewering daarvan by of in die kragstasiebunkers.

"Wooneenheid" beteken in die geval van 'n woonstelblok, elke afsonderlike woonstel in die blok, hetsy elektrisiteit verbruik word, al dan nie.

"Algemene korting" of "algemene toeslag" beteken die kortings- of toeslagkoers wat van tyd tot tyd van toepassing is en wat deur die Lisensiehouer ooreenkomstig artikel 14 van die Wet aangepas is.

"Wettig gestigte dorp" beteken 'n dorp as sodanig geproklameer ingevolge Ordonnansie 25/1974 van Natal.

"Maksimum aanvraag" beteken die hoogste belasting wat die Lisensiehouer gedurende enige periode van 30 opeenvolgende minute in die maand aan die verbruiker lewer, gemeet in kilovoltampère.

"Maand" beteken die tydperk tussen opeenvolgende maandelikse meterlesings uitgevoer ingevolge die voorsieningsooreenkoms, ongeag of sodanige lesings op die laaste dag van die kalendermaand gedoen word: Met dien verstande dat indien die meterlesings, ingevolge die voorsieningsooreenkoms, driemaandeliks uitgevoer word, die woord "maand" een derde van die tydperk tussen opeenvolgende meterlesings beteken, en die maandelikse verbruik in kWh geneem word as een derde van die kWh wat gedurende daardie tydperk verbruik is.

"Aangemelde maksimum aanvraag" beteken.—

(i) die maksimum aanvraag wat die verbruiker skriftelik aanmeld en die Lisensiehouer aanvaar as die maksimum aanvraag wat die verbruiker van die Lisensiehouer verlang om op aanvraag te kan lewer; plus

(ii) enige vermeerdering in die aangemelde maksimum aanvraag vermeld in (i) hierbo, wat met redelike kennisgewing skriftelik deur die verbruiker aangemeld en deur die Lisensiehouer aanvaar is: Met dien verstande dat sodanige vermeerdering geen deel uitmaak van die aangemelde maksimum aanvraag voor die datum waarop die Lisensiehouer ingevolge die kennisgewing in sodanige verhoogde maksimum aanvraag moet voorsien, of die datum waarop die Lisensiehouer in 'n posisie verkeer om in die behoeftes van die verbruiker in hierdie opsig te voorsien, na gelang watter die laaste datum is; plus

(iii) enige vermeerdering in die maksimum aanvraag bokant die aangemelde maksimum aanvraag wat op daardie tydstip van krag is geneem deur en voorsien aan die verbruiker: Met dien verstande dat in elke geval waar kennis van enige vermeerdering in die aangemelde maksimum aanvraag nie gegee word nie en die Lisensiehouer die verbruiker in kennis stel dat sodanige vermeerdering of enige deel daarvan nie voor 'n toekomstige datum as op aanvraag beskikbaar vir die verbruiker beskou kan word nie, sodanige vermeerdering of deel nie voor sodanige toekomstige datum deel uitmaak van die aangemelde maksimum aanvraag;

(iv) met dien verstande dat, onderworpe aan die bepalings van die Wet en hierdie Lisensie, die aangemelde maksimum aanvraag vir 'n tydperk van minstens een maand tydelik vermeerder kan word op bepalinge en voorwaardes waarop die Lisensiehouer en die verbruiker ooreenkom.

"Toevoerpunt" beteken 'n punt of plek op die eiendom van die verbruiker of elders, waar elektrisiteit voorsien word of voorsien gaan word, soos deur die Lisensiehouer en die verbruiker ooreengekom.

Standaardpryse

2. Die standaardpryse wat die Lisensiehouer vir die voorsiening van elektrisiteit kan vra, is, onderworpe aan die bepalinge van die Wet en van hierdie Lisensie, as volg:

Tarief (A): Groot kragverbruikers

Vir 'n toevoer aan 'n verbruiker wie se aangemelde maksimum aanvraag 25 kilovoltampère of meer van 'n driefasige wisselstroom is teen 'n frekwensie van 50 hertz en 'n ooreengekome spanning wat in die omgewing beskikbaar is, word die volgende gevorder:

(a) 'n Basiese vordering van R20 per maand welke gelde betaal moet word of enige elektrisiteit gebruik word of nie;

(b) 'n aanvraaggeld teen onderstaande koers vir elke kilovoltampère van die maksimum aanvraag wat gedurende die maand voorsien is:

(i) R5,25 wanneer die toevoer gelewer word teen 'n nominale spanning van 132 000 volt tussen fases; of

(ii) R5,50 wanneer die toevoer gelewer word teen die nominale spanning tussen fases onder 132 000 volt en bo 380 volt; of

(iii) R5,65 wanneer die toevoer gelewer word teen die nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal.

(c) 'n kWh-geld teen die koers van 0,92c per kWh-elektrisiteit gedurende die maand voorsien: Met dien verstande dat die genoemde kWh-koers, gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool wat by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik is, synde R10 per metrieke ton, van tyd tot tyd op die volgende wyse aangepas word:

Die koste van steenkool, uitgedruk as 'n gemiddelde koste per metrieke ton van die steenkool by genoemde kragstasies verbruik, moet vasgestel word vir elke kwartaal tot aan die einde van Maart, Junie, September en Desember, en indien die verskil tussen die gemiddelde koste van steenkool vir die kwartaal wat pas verstreke is en die basiese koste van R10 minder as 3,5c is, is die kWh-tarief wat gedurende die volgende kwartaal gehef moet word die genoemde koers van 0,92c maar indien die genoemde gemiddelde koste van steenkool met 3,5c of meer van die basiese koste verskil, is die kWh-koers wat gedurende die volgende kwartaal gehef moet word die genoemde koers van 0,92c per kWh, vermeerder of verminder met 0,002c vir elke volledige vermeerdering of vermindering van 3,5c in die genoemde koste van steenkool bokant of onderkant die basiese koste.

Om rekening te hou met die uitwerking van die algemene korting of algemene toeslag wat van toepassing is in die gebied waarop hierdie lisensie betrekking het, moet die vermeerdering of vermindering wat soos hierbo bereken is, gewysig word deur dit te vermenigvuldig met die faktor—

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{algemene toeslag}}{100}}$$

indien 'n algemene toeslag van krag is, of met die faktor—

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{algemene korting}}{100}}$$

indien 'n algemene korting op die tydstip geld.

(d) Die netto bedrag ingevolge paragraaf (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Tarief (B): Klein kraggebruikers

Vir 'n elektrisiteitstoevoer waarvan die maandelikse maksimum aanvraag nooit 100 kVA oorskry nie, beskikbaar gestel teen 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal, of soos anders ooreengekom, met uitsondering van toevoere ingevolge Tariewe (C) en (D) gelewer, is daar—

(a) 'n basiese vordering vir elke toevoerpunt van R8 per maand wat betaal moet word of elektrisiteit geneem word of nie;

(b) ten opsigte van elke toevoerpunt, 'n kWh-geld vir 500 kWh van die maandelikse verbruik, of die maandelikse verbruik, watter getal ook al die laagste is, teen 'n tarief van 4,55c per kWh;

(c) 'n kWh-geld teen 'n tarief van 2,4c per kWh, vir kWh geneem bo en behalwe die kWh wat in (b) hierbo genoem word: Met dien verstande dat die kWh koers van 4,55c en 2,4c per kWh, gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik, synde R10 per metrieke ton, van tyd tot tyd op die volgende wyse aangepas moet word:

Die koste van steenkool, uitgedruk as 'n gemiddelde koste per metrieke ton van die steenkool wat by genoemde kragstasies verbruik is, moet vasgestel word vir elke kwartaal tot aan die einde van Maart, Junie, September en Desember, en indien die verskil tussen die gemiddelde koste van steenkool vir die pas verstreke kwartaal en die basiese koste van R10 minder is as 17,5, is die kWh-tarief wat in die volgende kwartaal toegepas moet word die genoemde tarief van 4,55c en 2,4c maar indien die genoemde koste van steenkool met 17,5c of meer van die basiese koste verskil, is die kWh-tarief wat in die volgende kwartaal toegepas moet word die genoemde tarief van 4,55c en 2,4c per kWh, vermeerder of verminder met 0,01c vir elke volledige vermeerdering of vermindering van 17,5c in die genoemde koste van steenkool bokant of onderkant die basiese koste.

Om rekening te hou met die uitwerking van die algemene korting of algemene toeslag wat van toepassing is in die gebied waarop hierdie lisensie betrekking het, moet die vermeerdering of vermindering wat soos hierbo bereken is, gewysig word deur dit te vermenigvuldig met die faktor—

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{algemene toeslag}}{100}}$$

indien 'n algemene toeslag van krag is, of met die faktor—

$$\frac{1}{\frac{1 + \text{algemene korting}}{100}}$$

indien 'n algemene korting op die tydstip geld.

(d) Die netto bedrag ingevolge paragraaf (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Tarief (C): Stedelike huishoudelike verbruikers

Vir 'n elektrisiteitstoevoer vir huishoudelike doeleindes vir 'n private woning of 'n blok woonstelle, of vir 'n kerk, saal, ouetehuis of perseel van dergelike aard, binne 'n wettig gestigte dorp of binne 'n gebied wat deur die Lisensiehouer as soortgelyk aan 'n wettig gestigte dorp beskou word, is daar—

(a) 'n basiese vordering van R4 per maand ten opsigte van elke toevoerpunt welke vordering betaalbaar is of elektrisiteit geneem word of nie;

(b) ten opsigte van elke toevoerpunt, 'n heffing vir 300 kWh van die maandelikse verbruik, of die maandelikse verbruik, watter getal ook al die laagste is, teen 'n tarief van 4,55c per kWh: Met dien verstande dat, vir 'n toevoer aan 'n blok woonstelle, hierdie heffing bereken word op die grondslag van 300 kWh of die gemiddelde maandelikse verbruik per wooneenheid;

(c) 'n kWh-geld teen 'n tarief van 2,4c per kWh vir kWh geneem bo en behalwe die kWh in (b) hierbo vermeld: Met dien verstande dat die kWh-tarief van 4,55c en 2,4c per kWh gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik, synde R10 per metrieke ton, van tyd tot tyd aangepas moet word op die wyse in paragraaf (c) van Tarief (B) uiteengesit.

(d) Die netto bedrag ingevolge paragraaf (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Tarief (D): Plattelandse klein gebruikers

Vir 'n toevoer na 'n verbruiker wie se maksimum aanvraag op geen tydstip 100 kVA oorskry nie, wat beskikbaar gemaak word teen 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fase en neutraal of soos anders ooreengekom en wie se toevoerpunt geleë is binne 'n gebied wat as "landbougrond" omskryf word ingevolge die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond (Wet 70 van 1970), of geleë is binne 'n gebied wat deur Evkom as soortgelyk aan sodanig omskrewe gebied beskou word, is daar—

(a) 'n basiese vordering van R8 per maand ten opsigte van elke toevoerpunt, wat betaal moet word of elektrisiteit geneem word of nie;

(b) ten opsigte van elke toevoerpunt 'n kWh-geld vir 800 kWh van die maandelikse verbruik of die maandelikse verbruik, watter getal ook al die laagste is, teen 'n tarief van 4,55c per kWh;

(c) 'n kWh-geld teen 'n tarief van 2,4c per kWh vir kWh geneem bo en behalwe die kWh wat in (b) hierbo genoem word: Met dien verstande dat die kWh-koers van 4,55c en 2,4c per kWh gebaseer op die gemiddelde koste van steenkool by die kragstasies van die Sentrale Kragontwikkelingsonderneming verbruik van tyd tot tyd aangepas moet word op die wyse soos in paragraaf (c) van Tarief (B) uiteengesit.

(d) Die netto bedrag ingevolge paragraaf (a), (b) en (c) hiervan vasgestel, is onderworpe aan die algemene korting of die algemene toeslag wat op daardie tydstip van toepassing is.

Straatligte

3. Waar die Lisensiehouer 'n toevoer vir straatligte of soortgelyke openbare verligting verskaf en dit in stand hou, is die gelde vir sodanige toevoer en diens volgens 'n spesiale reëling en ooreenkoms tussen die Lisensiehouer en die verbruiker betaalbaar.

Gelde wat maandeliks betaalbaar is

4. Alle rekenings wat ingevolge hierdie Bylae deur 'n verbruiker betaalbaar is, moet gelewer word en is maandeliks betaalbaar. Indien die meterlesings, ingevolge die voorsieningsooreenkoms, driemaandeliks uitgevoer word, moet die Lisensiehouer voorlopige rekenings lewer vir die maande waarin geen meterlesings gedoen word nie, gebaseer op die maandelikse verbruik gedurende die voorafaande tydperk van drie maande of op 'n geraamde bedrag, plus 'n finale rekening, insluitende 'n aanpassing van die voorlopige rekenings, gebaseer op die werklike verbruik vir die tydperk.

Indien die aanvangsdatum of die beëindigingsdatum van 'n toevoer sodanig was dat die toevoer vir 'n gedeelte van 'n maand beskikbaar was, word die maandelikse gelde wat ingevolge die Bylae betaalbaar is, *pro rata* bereken volgens die gedeelte van 'n maand van 30 dae waartydens die toevoer beskikbaar was.

Spesiale heffings vir gelewerde dienste

5. Die Lisensiehouer kan gelde vorder vir spesiale dienste aan die verbruiker gelewer, bv., vir die voorsiening van dienshoofleidings, die aanbring van uitrusting in die verbruiker se substasie, vir die neem van spesiale meterlesings, die heraansluiting van 'n toevoer nadat dit ontkoppel is, (i) hetsy op versoek van die verbruiker of (ii) weens versuim deur die verbruiker om sy verpligtinge na te kom, of vir enige ander spesiale werk deur die Lisensiehouer verrig in verband met die lewering van elektrisiteit aan die verbruiker.

Verandering van Standaardpryse

6. Waar daar aan 'n verbruiker, op sy versoek, elektrisiteit voorsien word teen 'n nominale spanning, wat nie die spanning is nie wat normaalweg beskikbaar is aan verbruikers in die omgewing, of in afgeleë gebiede, of in die geval van toevoerskemas vir boere, of in enige ander omstandighede waarvoor daar in artikel 29 van die Wet voorsiening gemaak word, kan die Lisensiehouer die pryse deur hierdie Bylae voorgeskryf, verander of bykomende gelde hef of albei doen, ooreenkomstig die Wet.

KAAP • CAPE

Afdelingsraad van Swartland • Strandregulasies.—Kragtens artikel 10 (3) (d) van die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), word hierby bekendgemaak dat die Afdelingsraad van Swartland van voorneme is om na die verstryking van 30 dae vanaf die datum van publikasie hiervan die regulasies in die Bylae hiervan uit te vaardig ten aansien van die strand en die see wat binne die regsgebied van gemelde Afdelingsraad geleë is of daaraan grens.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan daar in die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935), 'n betekenis geheg is, daardie betekenis, en—

"plaaslike owerheid" beteken die Afdelingsraad van Swartland;

"baaigebied" beteken die strand geleë binne of grensend aan die gebied, wat in Proklamasie van die Kaapprovinsie 304, gedateer 29/9/77, maar uitsluitende die munisipale gebiede van Velddrif, St Helenabaai, Saldanha/Vredenburg en Langebaan, omskryf word as die gebied waarin die plaaslike owerheid regsbevoegdheid het, en die see vir 'n afstand van 200 meter seewaarts;

"lewensredder" beteken enige persoon wat in daardie hoedanigheid in diens is van, of aangestel is deur die plaaslike owerheid of enige lid van die "Surf Life-saving Association of South Africa" of van enige geaffilieerde lewensreddersklub of vereniging van lewensredders;

"kennisgewing" beteken 'n genoegsame kennisgewing in beide amptelike tale in 'n ooglopende posisie of posisies opgerig en in 'n leesbare toestand gehou.

Toepassing van regulasies

2. Hierdie regulasies is van toepassing op die baaigebied.

Oortredings met betrekking tot openbare gesondheid, oorlas, onfatsoenlike of aanstootlike gedrag, ensomeer

3. Niemand mag—

3.1 afval, vullis, hout materiaal, glas, bottels, vuilgoed, metaal, mis, visafval of enigiets van watter aard ookal wat beserings aan enige persoon kan veroorsaak, of wat daartoe kan lei dat die gesondheid van die inwoners, of enige ander persoon wat van die baaigebied gebruik maak, benadeel word of dat hul veiligheid, gerief of regte op watter wyse ook al benadeel word, op of in die baaigebied, gooi, stort of laat uitloop nie, of afbreuk doen aan die netheid of aantreklikheid van die baaigebied deur rommel te deponeer anders dan in houers wat deur die plaaslike owerheid vir dié doel beskikbaar gestel word;

3.2 die baaigebied betree of daar vertoef terwyl hy bewustelik aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly; of

3.3 terwyl hy in die baaigebied is—

3.3.1 onwelvoeglike, aanstootlike of onfatsoenlike taal besig; of

3.3.2 hom aanstootlik, onbehoorlik of wanordelik gedra; of

3.3.3 opsetlik of weens nalatigheid enigiets doen wat ongerief aan ander persone wat van die baaigebied gebruik maak, kan veroorsaak, of wat moontlik die vrede kan versteur, of enige amptenaar, beampte of ander werknemer van die plaaslike owerheid in die behoorlik uitoefening van sy ampspligte hinder of lastig val nie.

Verbod op baaiery in sekere gebiede

4.1 Baaiery in enige deel van die baaigebied kan óf permanent óf as 'n tydelike maatreël deur die plaaslike owerheid verbied word.

4.2 Baaiery in enige deel van die baaigebied kan verbied word deur 'n diensdoenende lewensredder, vir solank as hy die toestand van die see onveilig ag.

4.3 'n Permanente verbod kragtens hierdie regulasie moet by wyse van 'n kennisgewing ter plaatse aangedui word en 'n tydelike verbod deur herkenbare en verstaanbare kennisgewings aan beide uiteindes van die verbode gebied.

Oortredings met betrekking tot baaiery

5. Niemand mag—

5.1 Baai in 'n gebied waarin baaiery kragtens regulasie 4 verbied is nie;

5.2 nakend of onwelvoeglik geklee vertoef, baai of 'n sonbad neem nie;

5.3 aan veiligheidstoue wat vir die beskerming van baaiers verskaf is, hang of daarop sit of dit laat sink nie, of met sodanige veiligheidstoue of ander toestelle, wat vir die hulp van baaiers wat in nood verkeer verskaf is, op enige wyse peuter nie;

5.4 'n baaigebied ingaan of daarin vertoef in stryd met 'n redelike verbod deur die persoon wat gesag oor so 'n baaigebied het of in beheer daarvan geplaas is nie, of soos blyk uit 'n kennisgewing ter plaatse.

Reddingstoestelle

6. Behalwe in 'n noodgeval, mag niemand, behalwe 'n behoorlike daartoe gemagtigde werknemer van die plaaslike owerheid of 'n lid van 'n vereniging wat nou of in die toekoms gestig mag word om menselewens te red of die openbare veiligheid te bevorder, enige reddingstou of -boei of ander reddingstoestel wat nou of in die toekoms by die baaigebied aangebring of instandgehou mag word, hanteer, aanraak of hoe ook al gebruik nie. Ook mag niemand enige daad doen wat die doeltreffende werking van enige reddingstoestel tydens die gebruik daarvan kan belemmer nie.

Beskadiging van eiendom

7. Iemand wat peuter aan of misbruik maak van enige gebou, gemakshuisie, skuilplek, kleedkamer of ander gerief wat vir die gebruik van die publiek verskaf is, of dit beskadig, of in stryd met die voorskrifte van hoe dit gebruik mag word, nalaat om die bepalings na te kom van kennisgewings in beide amptelike tale wat aangebring is aan enige sodanige gebou, struktuur of gerief deur die plaaslike owerheid of enige persoon wat toestemming het om sodanige gebou, struktuur of gerief op die baaigebied in stand te hou, begaan 'n oortreding.

Diere

8.1 Niemand mag in enige gedeelte van die baaigebied, waar die plaaslike owerheid deur 'n kennisgewing ter plaatse die aanwesigheid van honde beperk of verbied het, 'n hond wat aan hom behoort of onder sy toesig is laat gaan of toelaat dat dit daarin vertoef nie.

8.2 Enige hond wat nie, of skynbaar nie, onder beheer van 'n persoon is nie, kan, indien dit in die baaigebied waarna verwys is in subregulasie 8.1 gevind word, deur enige werknemer of persoon in diens van die plaaslike owerheid gevang word en verwyder word na die plaaslike owerheid se skut waar daarmee gehandel moet word volgens die verordeninge betreffende die aanhou van honde by so 'n skut.

8.3 Niemand mag 'n perd, ponie of ander dier, wat aan hom behoort of onder sy toesig is, in enige gedeelte van die baaigebied, waar die plaaslike owerheid deur 'n kennisgewing ter plaatse die aanwesigheid van perde, ponies of ander diere beperk of verbied het, laat gaan of toelaat dat dit daarin vertoef nie.

Vuurwapens

9. Niemand mag 'n vuurwapen afvuur in die baaigebied nie, behalwe—

9.1 'n werknemer of persoon in diens van die plaaslike owerheid of 'n lewensredder, om haaie, reptiele of gevaarlike diere te dood of te verdryf of om 'n genadedood toe te dien;

9.2 vir die afvuur van knaldoppies tydens georganiseerde kompetisies deur lewensredders of tydens georganiseerde sportbyeenkomste in die baaigebied;

9.3 om 'n noodsein te gee.

Peuter aan kennisgewingborde, kennisgewings en merke

10. Niemand, uitgesonderd 'n lewensredder of 'n persoon daartoe deur die plaaslike owerheid gemagtig, mag enige kennisgewingbord, kennisgewing of ander kenteken wat in die baaigebied deur die plaaslike owerheid of in opdrag van die plaaslike owerheid, of deur 'n lewensredder ingevolge hierdie regulasies aangebring, opgeplak of geplaas is, verskuif, skend of andersins daaraan peuter nie.

Verbod op vermaaklikheid en handeldryf

11. Niemand mag vir beloning of wins 'n vermaaklikheid of besigheid of handel van watter aard ookal in die baaigebied hou of dryf sonder die skriftelik toestemming van die plaaslike owerheid op die voorwaardes wat deur die plaaslike owerheid in elke geval dienstig geag mag word, nie.

Voertuie in die baaigebied

12.1 Niemand mag enige motorvoertuig, bespanne voertuig of fiets binne die gebied gebruik wat deur die plaaslike owerheid deur 'n kennisgewing ter plaatse as 'n gebied verklaar is waar die inbring en gebruik van sodanige voertuig of fiets verbode is.

12.2 Subregulasie 12.1 is nie van toepassing op enige ambulans terwyl dit wettiglik as sodanig gebruik word nie, of op 'n voertuig wat in 'n noodgeval in plaas van 'n ambulans gebruik word, of op 'n voertuig wat deur 'n werknemer of persoon in diens van die plaaslike owerheid gebruik word in die uitvoering van sy pligte, of ten opsigte van enige voertuig waarvan die bestuurder die skriftelike toestemming daartoe van die plaaslike owerheid by hom dra.

Beheer oor bote

13.1 Niemand mag in die baaigebied—

13.1.1 'n boot, branderski, of vaartuig te water laat, land, op die strand sleep, hou, verhuur of huur nie, uitgesonderd op 'n plek wat deur die plaaslike owerheid by kennisgewing ter plaatse daarvoor afgesonder is;

13.1.2 'n boot, branderski of vaartuig gebruik of in werking hê, in 'n gebied waar dit deur die plaaslik owerheid verbied is nie;

13.1.3 'n boot, branderski of vaartuig gebruik of in werking hê sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid op die voorwaardes wat deur die plaaslike owerheid dienstig geag mag word;

13.1.4 'n boot, branderski of vaartuig op 'n wyse gevaarlik vir of tot ergenis van enige persoon of teen 'n snelheid te bowe gaande die beperking soos deur 'n kennisgewing van die plaaslike owerheid in die baaigebied aangedui, gebruik of in werking hê nie;

13.2 subregulasie 13.1 is nie van toepassing nie wanneer 'n boot, branderski of vaartuig in 'n noodgeval of om lewensreddingswerk te verrig, gebruik word.

Beheer op hengelaars

14. Niemand mag enige aas, vishoeke of rommel in die baaigebied laat nie.

Beheer oor vure

15. Niemand mag binne die baaigebied vuurmaak sonder die vooraf-verkreë toestemming van die plaaslike owerheid nie, welke toestemming onder worpe kan wees aan sodanige voorwaardes as wat die plaaslike owerheid dienstig mag ag.

Beheer oor piere, waterkerings ens.

16. Niemand, uitgesonderd 'n werknemer of 'n persoon in diens van die plaaslike owerheid in die uitvoering van sy pligte, mag 'n pier, waterkering of ander struktuur wat vir die beskerming van die baaigebied opgerig is betree, tensy die skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid vooraf verkry is nie.

Aanstelling van beamptes om te sorg dat regulasies nagekom word

17.1 Die plaaslike owerheid kan een of meer van sy werknemers of persone in sy diens, die plig opdra om te sorg dat hierdie regulasies behoorlik nagekom word en om enige oortreding daarvan by die owerheid wat verantwoordelik is vir vervolging weens misdaad, aan te meld.

17.2 Enige persoon wat 'n lid, werknemer of persoon in diens van die plaaslike owerheid hinder of dwarsboom terwyl hy wettiglik besig is om sy pligte in dié verband uit te voer, begaan 'n oortreding.

Boetes kom die plaaslike owerheid toe

18. Enige boete wat ingevorder word in verband met enige oortreding begaan ingevolge hierdie regulasies, kom die plaaslike owerheid toe.

Strafbepaling

19. Iemand wat enige van hierdie regulasies oortree of in gebreke bly om enige bepaling daarvan na te kom is skuldig aan 'n misdryf en by skuldbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

Besware, indien enige, teen die aanvaarding van bogenoemde regulasies moet skriftelik die ondergetekende voor 5/10/81 bereik.—C. F. Gunter, Sekretaris, Afdelingsraad van Swartland, Langstraat, Posbus 242, Moorreesburg, 7310.

Divisional Council of Swartland • Sea-shore regulations.—Under section 10 (3) (d) of the Sea-shore Act, 1935 (Act 21 of 1935), it is hereby notified that the Divisional Council of Swartland proposes after the expiration of 30 days from the date of publication hereof to make the regulations in the Schedule hereto in regard to the sea-shore and the sea situated within or adjoining the area of jurisdiction of the said Divisional Council.

SCHEDULE

Definitions

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Sea-shore Act, 1935 (Act 21 of 1935), shall bear that meaning, and—

"local authority" means the Divisional Council of Swartland;

"bathing area" means the sea-shore situate within or adjoining the area defined in Proclamation of the Cape Province 304, dated 29/9/77, but excluding the Velddrif, St Helenabay, Saldanha/Vredenburg and Langebaan municipal areas, as the area in which the local authority has jurisdiction, and the sea for a distance of 200 metres seaward;

"life-saver" means any person employed or appointed in that capacity by the local authority or any member of the Surf Life-saving Association of South Africa, or any affiliated life-saving club or association of life-savers;

"notice" means an adequate notice in both official languages, erected or posted in a prominent position or positions and maintained in a legible state.

Applicability of regulations

2. These regulations shall apply to the bathing area.

Offences relating to public health, nuisances, indecent or offensive behavior etc.

3. No person shall—

3.1 throw, deposit, leave or discharge in or upon the bathing area any offal, refuse, wood, material, glass, bottles, filth, metal, fish offal, manure or anything of any kind whatsoever, which may be a source or cause of injury to any person or may tend either to injure the health or in any affect the safety, comfort or rights of the inhabitants or other users of the bathing area or to detract from the cleanliness or attractiveness of the bathing area by depositing litter, except in receptacles provided for the purpose by the local authority;

3.2 while knowing suffering from any infectious or contagious disease enter upon or remain in the bathing area; or

3.3 while in the bathing area—

3.3.1 use any obscene, offensive or indecent language; or

3.3.2 behave in any offensive, improper or disorderly manner; or

3.3.3 wilfully or negligently do anything which may cause discomfort or inconvenience to other users of the bathing area, or is likely to disturb the peace, or obstruct or interfere with any officer, official, servant or other employee of the local authority in the proper execution of his duties.

Prohibition of bathing within certain areas

4.1 Bathing within any part of the bathing area may be prohibited by the local authority either as a permanent or temporary measure.

4.2 Bathing within any part of the bathing area may be prohibited by a life-saver on duty for as long as he may consider the conditions of the sea unsafe.

4.3 Any permanent prohibition under this regulation shall be indicated by notice on the spot and any temporary prohibition by recognisable and intelligible signs at both ends of the prohibited area.

Offences relating to bathing

5. No person shall—

5.1 bathe in any part of the bathing area in which bathing has been prohibited in terms of regulation 4;

5.2 remain, bathe or sun-bathe in the nude or clad indecently;

5.3 hang on to, sit upon or cause to sink any safety ropes provided for the protection of bathers, or in any way tamper with or interfere with such safety ropes or other appliances provided for the assistance of bathers in distress;

5.4 enter or remain in the bathing area contrary to a reasonable prohibition by the person having authority over or placed in charge of such bathing area or as evidenced by a notice on the spot.

Life-saving devices

6. No person, other than an employee of the local authority, duly authorised thereto, or a member of an association of persons which may now or hereafter be established with the object of saving human life, or promoting public safety, shall, save in time or emergency, handle touch or in any way make use of any lifeline, lifebuoy or other life-saving appliance or device, which may now or hereafter be installed or maintained in the bathing area, nor, while any such life-saving appliance or device be in use, shall any person do any act which impairs or impedes or is likely in any manner to impair or impede the effecient operation thereof.

Damage to property

7. Any person who interferes with, misuses or damages any building, closet, shelter, changing booth, or other amenity provided for the use of the public, or who disregards, or in contravention of directions as to the use to which the same may be put, fails to observe the terms of notices in both official languages, affixed to any building, structure or amenity by the local authority or any person having authority to maintain such building, structure or amenity on the bathing area, shall be guilty of an offence.

Animals

8.1 No person shall cause or allow any dog belonging to him, or in his charge to enter upon or remain in any part of the bathing area, wherein the local authority has by notice on the spot restricted or prohibited the presence of dogs.

8.2 Any dog not under the control or apparently not under the control of any person may, if found in the bathing area referred to in subregulation 8.1 be impounded by any employee or servant of the local authority and may be removed to the local authority's pound, there to be dealth with in accordance with the by-laws or regulations relating to the keeping of dogs at such pound.

8.3 No person shall cause or allow any horse, pony or other beast belonging to him or in his charge to enter or remain in the bathing area wherein the local authority has by notice on the spot restricted or prohibited the presence of horses, ponies or other beasts.

Firearms

9. No person shall discharge a firearm in the bathing area, except—

9.1 an employee or servant of the local authority or a life-saver to kill or repel sharks, reptiles or dangerous animals, or perform a humane killing;

9.2 for the firing of blank cartridges during competitions organised by life-savers or during organised sports meetings in the bathing area;

9.3 to signal distress.

Interference with notice-boards, notices, signs or markers

10. No person, other than a life-saver or a person authorised to do so by the local authority shall move, deface or otherwise interfere with any notice-board, notice, sign or marker erected, posted or placed in a bathing area by the local authority, or by direction of the local authority or by any life-saver, in terms of these regulations.

Prohibition of entertainment and trade

11. No person shall for reward or gain conduct an entertainment or business or trade of any kind in the bathing area without the written permission, given on such terms and conditions as in each case may be deemed fit, by the local authority.

Vehicles in the bathing area

12.1 No person shall introduce any motor vehicle, animal-drawn vehicle or bicycle into the bathing area or use such vehicle or bicycle within that area which the local authority may by notice on the spot, declare to be an area where the introduction or use of such vehicle or bicycle is prohibited.

12.2 Subregulation 12.1 shall not apply in respect of any ambulance while lawfully in use as such, or in respect of any vehicle used in lieu of an ambulance in time of emergency, or in respect of any vehicle used by an employee or servant of the local authority in the discharge of his duties or in respect of any vehicle, the driver of which carries with him the written permission thereto of the local authority.

Control of boats

13.1 No person shall in the bathing area—

13.1.1 launch, land, beach, keep, let or hire a boat, surf-ski or craft expect at places set aside for the purpose by the local authority by notice on the spot;

13.1.2 use or operate a boat, surf-ski or craft in any area where prohibited by the local authority;

13.1.3 use or operate a boat, surf-ski or craft without the written consent, given on such terms and conditions as may be deemed fit, by the local authority; and

13.1.4 use or operate a boat, surf-ski or craft in a manner dangerous to or causing annoyance to any person or at a speed in excess of the limit imposed by the local authority by notice on the spot in the bathing area.

13.2 Subregulation 13.1 shall not apply when a boat, surf-ski or craft in used in any emergency or for life-saving operations.

Control of anglers

14. No person shall leave any bait, fish-hook or refuse in the bathing area.

Control of fires

15. No person shall kindle a fire in the bathing area without obtaining the prior permission of the local authority, which permission shall be subject to such terms and conditions as the local authority may deem fit to impose.

Control of piers, groynes, ect.

